higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

ALGEMENE GASVRYHEID
NKR VLAK 2

(11011002)

20 November 2024 (Y-vraestel)
13:00–15:30

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 11 bladsye.

310Q1N2420

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
ALGEMENE GASVRYHEID
NKR VLAK 2
TYD: 2½ UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 GOKBP (‘HACCP’) staan vir ...

A Gesig- en Oorkompressieproppe.
B Gevaarontleding en Kritieke Beheerpunte.
C Gevaar- en Kritieke Kontrolepunte.
D Gevaar- en Kritieke Beheerplanne.

1.1.2 Hande behoort deeglik gewas te word tot by ’n mens se …

A gewrigte.
B kneukels.
C armholte.
D elmboë.

1.1.3 Voorsorgmaatreëls om die wangebruik van chemikalieë te voorkom, sluit in:

A Slegs gemagtigde persone mag die chemikalieë hanteer.
B Meng chemikalieë om ’n skoonmaakmengsel te skep, soos benodig.
C Skoonmaakpersoneel leer hulself hoe om skoonmaakchemikalieë aan te wend.
D Dra latekshandskoene slegs wanneer jy met chemikalieë werk.

1.1.4 Die vernaamste gasvryheidsbedryfdienste sluit in …

A akkommodasie-, voedsel- en reisdienste.
B akkommodasie-, voedsel- en lewensdienste.
C akkommodasie-, voedsel- en drankdienste.
D akkommodasie-, voedsel- en vervoerdienste.

1.1.5 Die groot vyf sluit in …

A Kaapse buffel, swartrenoster, olifant, luiperd en die leeu.
B Kaapse buffel, witrenoster, olifant, luiperd en die leeu.
C Kaapse buffel, swartrenoster, olifant, jagluiperd en die leeu.
D Kaapse buffel, grysrenoster, sebra, luiperd en die leeu.

1.1.6 Goeie spanwerk is op alle vlakke afhanklik van elemente soos …

A doelstellings, prosesse en gereedheid.
B rolle, verhoudings en doelstellings.
C vriendskappe, doelstellings en prosesse.
D gereedheid, doelstellings en rolle.

Kopiereg voorbehou

1.1.7 ’n Nadeel van mikroörganismes is dat hulle ...

A die geur en tekstuur van water verander.
B die vertering en smaak van voedsel verander.
C die reuk en smaak van voedsel verander.
D die soutigheid en kleur van water verander.

1.1.8 ’n ... is skielik, onbeplan, en kan tot persoonlike besering lei.

A Afspraak
B Uitstappie
C Insident
D Party

1.1.9 ... is maniere om die doeltreffendheid van ’n span te meet.

A Kliëntklagtes en -aangeleenthede
B Personeelbywoning, personeelomset en produktiwiteit
C Wins of verlies
D Baie en gelukkige kliënte

1.1.10 ... word hoofsaaklik in multiverdiepinggeboue gebruik, en voorsien ’n kanaal van hoër verdiepings om die vloei van afval te vergemaklik.

A Sanitêre blikke
B Vuilgoeddromme
C Afvalstortgeute
D Verbrandingsoonde

(10 × 1) (10)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Die ... span hou toesig oor die ander spanne en maak seker dat hulle alles het wat hulle benodig om hul werk goed te kan doen.

1.2.2 Stadiums van spanontwikkeling sluit in prestasie, bestorming, ... en normering.

1.2.3 Die ... afdelingsbestuurder beheer en bestuur die bestuurskantoor en huishoudingafdeling.

1.2.4 Mikrobes benodig hitte, vog, geskikte voedsel- en pH-omgewing, asook ... om te groei.

1.2.5 Vis, vleis, suiwel en eiers word as ... voedselsoorte gekategoriseer.

(5 × 1) (5)

1.3 Kies ’n beskrywing uit KOLOM B om by ’n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A	KOLOM B
1.3.1 	A gebruik om pasta en rys te dreineer
1.3.2 	B gebruik om kaas in stukkies te sny
1.3.3 	C gebruik om kos te diepbraai
1.3.4 	D gebruik om dun stringe sitrusvrugskil te sny
1.3.5 	E gebruik om kos van die kante van ’n houer te skraap
	F gebruik om droë bestanddele te sif
	G Gebruik om die binnekant van ’n appel te verwyder

(5 × 1) (5)

1.4 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.4.1 Standaardbedryfsprosedures verwys na 'n maatskappy se spesifieke stappe wat gevolg moet word, gewoonlik soos deur 'n vervaardiger voorgeskryf.

1.4.2 Inligting oor reis, gasvryheid en toerisme kan van FEDHASA, SA Toerisme en Suid-Afrikaanse Toerisme bekom word.

1.4.3 Dit is onaanvaarbaar om defektiewe gereedskap te gebruik wanneer voedsel berei word.

1.4.4 Effektiewe spanlede is nie buigsaam en respekvol teenoor mekaar nie.

1.4.5 Akkommodasieondernemings sluit in voldiensondernemings, selfsorgondernemings en restaurante.

1.4.6 Faktore wat tot mikrobiese verspreiding bydra, spruit slegs voort uit voedselbederf en patogeniese mikroörganismes in voedsel.

1.4.7 Persoonlike higiëne kan omskryf word as die prosedure wat jy moet volg om jou liggaam onrein te hou.

1.4.8 Voorraadbeheer en bestelling is makliker indien chemikalieë korrek en saam geberg word.

1.4.9 Hittebestande spore word doodgemaak as dit vier tot vyf ure lank gekook word.

1.4.10 Pluk aan die elektriese koord van die toerusting om dit van die muurprop te diskonnekteer.

(10 × 1) (10)
[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 2

Beantwoord al die vrae in AFDELING B.

2.1 Nelly het so pas in die huishoudingafdeling by die Mount Nelson Hotel begin werk en dit is jou taak om haar te onderrig.



[Bron: *https://www.istockphoto.com*]

2.1.1 Waarvoor word die toerusting gebruik wat Nelly in die illustrasie hier bo gebruik? (2)

2.1.2 Verduidelik waarom dit belangrik is om skoonmaaktoerusting op ’n spesifieke manier te bêre. (3)

2.2 Terwyl Nelly die bostaande toerusting gebruik, maak dit ’n vonk en voel sy ’n elektriese skok.

2.2.1 Adviseer Nelly op ’n kalm manier hoe om hierdie situasie te hanteer. (6)

2.2.2 Gee DRIE moontlike oorsake van ’n elektriese skok. (3)

2.3 Die huishoudingafdeling moet ook verskeie gereedskap en kombuistoerusting skoonmaak. Gee leiding aan Nelly oor hoe om die volgende items te inspekteer:

2.3.1 Houtgereedskap (1)

2.3.2 Glasgereedskap (1)


2.3.3 Potte en panne (2)

Kopiereg voorbehou

2.4 Nelly moet ’n bain-marie skoonmaak. Sit die skoonmaaktegnieke van die belangrikste gedeeltes uiteen. (3)

2.5 Personeel wat in die huishoudingafdeling werk, moet ook opgelei word in die verskillende tipes afval en hoe om dit higiënies en volgens gesondheid- en veiligheidprosedures te hanteer.

Klassifiseer die verskillende tipes kombuisafval in die illustrasie hier onder volgens die kategorieë wat (2.5.1−2.5.3) genommer is:



[Bron: *https://link.springer.com/*]

2.5.1 Rommel (‘trash’) (2)

2.5.2 Vullis (‘garbage’) (4)

2.5.3 Afval (‘refuse’) (1)

2.6 Watter tipe afval in die bostaande illustrasie is geskik vir die maak van kompos vir ’n groentetuin? (4)

2.7 Watter tipe afval in die bostaande illustrasie kan nie herwin word nie? (1)

2.8 Wat kan met die gaar oorskietkos gedoen word sodat die onderneming ’n bietjie geld daaruit kan maak? (1)

2.9 Die rommel is nie op die geskeduleerde dag weggeneem nie. Adviseer Nelly hoe om hierdie situasie te hanteer. (6)

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Lees die artikel hier onder en beantwoord die vrae:

RESTAURANTE, KITSKOSONDERNEMINGS BEBOET VIR ONHIGIËNIESE, VUIL VOEDSELBEREIDINGSGERIEWE

Durban – Die eThekwini Munisipaliteit verskerp sy voedsel- en veiligheidsveldtog ná enkele besoeke aan voedselondernemings die afgelope tyd.

Op Saterdag het die eThekwini Munisipaliteit gesê dat die Stad se South 3-omgewingsgesondheidspraktisyns by die Bluff Towers en Hillside Winkelsentrum besoek afgelê het, waar 24 persele as deel van die voedsel- en veiligheidsnakomingsveldtog geïnspekteer is.

Op Donderdagaand het die munisipaliteit aangekondig dat burgemeester Mxolisi Kaunda en adjunkburgemeester Zandile Myeni, raadslid Sibusiso Mpanza, die Metropolisie en die munisipaliteit se gesondheidsdepartement beveel het dat ’n winkel toegemaak en die eienaar in hegtenis geneem word vir die verkoop en gaarmaak van voedsel in ’n gebied wat onhigiënies is en waar katte ook slaap.

Facebook-gebruikers het soos volg op die munisipaliteit se veldtog gereageer:

‘Daar is ’n ‘restaurant’ in Sagestraat, Jacobs, wat op weeksdae bedryf word. Dit is oorkant die drankverkooppunt en buite die hostel, naby Balfourstraat. Beeskoppe word in die buitelug van vleis gestroop wat honderde vlieë lok. Vel en vet word dikwels op die grond gestort en bloed vloei ook op die vloer. Skedels hoop dikwels buite die onderneming op. Die grond word afgespuit sodat stink poele in die pad ontstaan. Vrot vleis en bloed ruik aaklig! Geen koue ketting word gehandhaaf nie! Doen asseblief iets daaraan!’

[Vertaal uit: *https://www.iol.co.za/*]

3.1 Oordeel of hierdie getuies rede het om besorg te wees oor die higiëne by hierdie ondernemings. (1)

3.2 Verstrek EEN rede vir jou antwoord in VRAAG 3.1. (1)

3.3 Identifiseer SES voorbeelde uit die bostaande artikel waar die toepaslike regulasies oor voedselhigiëne nie nagekom is nie. (6)

3.4 Noem VIER belangrike higiënepraktyke om voedselveiligheid te verseker. (4)

3.5 Voorspel wat die gevolge vir die voedselondernemings kan wees wat in die bostaande artikel vermeld word. (6)

3.6 Maak ’n lys van SES moontlike oplossings wat Jacobs, die restaurant in Sagestraat, kan toepas om goeie voedselhanteringspraktyke en -prosedures te verseker. (6)

3.7 Gee VYF moderne metodes om afval op verantwoordelike wyse te hanteer. (5)

3.8 Waarom behoort vuilgoeddromme gereeld skoongemaak te word? (3)

3.9 Die persoonlike gesondheid en higiëne van voedselhanteerders kan nie verwaarloos word nie.

3.9.1 Beskryf VIER riglyne vir voedselhanteerders om goeie persoonlike higiëne te handhaaf. (4)

3.9.2 Waarom is dit belangrik dat voedselhanteerders snye bedek, veral op hul hande? (4)

[40]

VRAAG 4

Die illustrasie hier onder sluit in:

vliegtuig; kompas; tas; foto's; kamera; kaart; palmboom; plakkies; beursie; hotel; roomys; seilboot; ringvormige lewensboei; vliegkaartjie; stokkielekkerboom



[Bron: *https://selliliar.live/]*

4.1 Noem DRIE dinge waaraan die bostaande illustrasie jou laat dink. (3)

4.2 Kategoriseer die grafika wat in die bostaande blok gelys word onder die opskrifte genommer (4.2.1−4.2.8) in die ANTWOORDBOEK.

4.2.1	Gasvryheid	(1)
4.2.2	Inligtingsdienste	(1)
4.2.3	Reisdienste	(1)
4.2.4	Dobbelary en ontspanning	(1)
4.2.5	Besienswaardighede	(1)
4.2.6	Akkommodasie	(1)
4.2.7	Voedsel en drank	(1)
4.2.8	Omgewing	(1)

4.3 Watter aspek(te) van Suid-Afrika kan reisigers afskrik om in ons land vakansie te hou? (1)

Jou vriendin Lauren het onlangs met skool klaargemaak en ingeskryf vir ’n leerlingskap om ’n patisseriesjef te word. Nadat jy die nodige opleiding aan haar verduidelik het, vra sy jou oor die belangrikheid van spanwerk in hierdie beroep. Beantwoord die volgende vrae om die belangrikheid van spanwerk aan haar te verduidelik.

4.4 Noem en bespreek VIER tipes spanne wat ’n mens in die gasvryheidsbedryf kan aantref. (4 × 2) (8)

4.5 Werkspanne misluk dikwels.

Gebruik jou ervaring as ’n gasvryheidstudent om aan Lauren te verduidelik waarom dit gebeur. (6)

4.6 Beurtkrag het ’n lewenswyse in Suid-Afrika geword.

Na jou mening, hoe beïnvloed beurtkrag spanwerk in ons land? (6)

4.7 Lauren verstaan nie die verskil tussen ’n groep en ’n span nie.

Vergelyk ’n *groep* met ’n *span* in tabelformaat.

(4 × 2) (8)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou